

Inleiding tot die Boek Handeling

1. Titel

- Die boek staan algemeen bekend as die Handeling van die Apostels.
- Wanneer 'n mens die inhoud van die boek in ag neem, sou 'n mens eerder kon praat van die Handeling van Jesus Christus en die Heilige Gees deur die Apostels.
- Dit gaan immers oor die uitbreiding van die evangelie en die kerk van Jesus Christus soos wat die Heilige Gees die apostels gelei het.

2. Skrywer

Daar is twee argumente hoekom Lukas – die vriend en mede reisiger van Paulus en dokter – die skrywer is:

- Interne getuienis – a. Die verwysing na sy eerste boek aan Teofilus (1:1), b. Die gebruik van die eerste persoon meervoud in 16:10-40; 20:5-21:18 en 27:1-28:16.
- Eksterne getuienis – daar is verwysings deur die vroeë kerkvaders, kommentare by versamelings van die Nuwe Testamentiese boeke, stellings en notas wat gemaak is oor Nuwe Testamentiese boeke. Lukas se naam kom nie in die boek voor nie. Lukas is 'n Griekse verkorting van 'n Latynse naam – miskien Lucanus, Lucianus, Lucius of Lucillus.

3. Datum en Plek

Die boek is waarskynlik finaal geskryf in die vroeë sestiger jare van die eerste eeu (60-62nC). Motivering: daar word geen melding gemaak van Nero se vervolging van die Christene nie (64 nC), die dood van Paulus (68 nC) of die verwoesting van Jerusalem (70nC) nie.

Die plek waar Lukas die boek geskryf het, is nie aan ons bekend nie.

Waarskynlik het hy die materiaal oor jare versamel en die finale samestelling op skrif gedoen in Rome tydens Paulus se twee jaar gevangenskap (28:30-31)(60-62 nC).

4. Tydperk

Die boek strek oor die tydperk van Jesus se hemelvaart (33 nC) af tot by Paulus se twee jaar gevangenskap (62 nC). Dit is dan gebeurte wat oor 'n tydperk van 30 jaar plaasvind.

5. Genre

Algemeen word die boek as 'n historiese boek beskou.

Die Griekse naam het 'n genre aangedui in die antieke tyd wat die heldedade van individue of stede beskryf het.

6. Doel

Die lyk of daar 'n drieledige doel vir die boek is.

A. Historiese doel – dit is 'n geïnspireerde vertelling van geselekteerde gebeurte wat die verspreiding van die evangelie en die kerk verhaal – van Jerusalem tot Rome.

- B. Teologiese doel – die plan en doel van God was aan die werk deur die geskiedenis. Jesus is besig om sy kerk ooreenkomstig sy evangelie te bou.
- C. Apologetiese doel – dikwels word die verhouding van die kerk tot die Romeinse owerheid uitgewys deur die verwysing na die baie Romeinse amptenare wat nie die Christene oor hulle leer of praktyke teengestaan het nie.

7. Struktuur

Wanneer daar gelet word op sekere merkers in die boek kan die volgende struktuur vir die boek voorgestel word:

1:1-2:41 – Konstituerende gebeure van die Christelike sending

DEEL 1

2:42-12:24 – Die Christelike sending in die Joodse wêreld

PANEEL 1

2:42-6:7 – Die vroegste dae van die kerk in Jerusalem

Opsommende stelling

En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof (Handelinge 6:7 AFR53).

PANEEL 2

6:7-9:31 – Kritiese gebeure in die lewe van drie besondere persone

Opsommende stelling

En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder (Handelinge 9:31 AFR53).

PANEEL 3

9:32-12:24 – Vordering van die evangelie in Palestina-Sirië

Opsommende stelling

Maar die woord van God het gegroei en toegeneem (Handelinge 12:24 AFR53).

DEEL 2

12:25-28:31 – Die Christelike sending in die heidense wêreld

PANEEL 4

12:25-16:5 – Die eerste sendingreis en die vergadering in Jerusalem

Opsommende stelling

En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal (Handelinge 16:5 AFR53).

PANEEL 5

16:6-19:20 – Die tweede sendingreis

Opsommende stelling

So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword
(Handelinge 19:20 AFR53).

PANEEL 6

19:21-28:31 – Na Jerusalem en vandaar na Rome

Opsommende stelling

terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het
aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid
sonder enige verhinderings (Handelinge 28:31 AFR53).

8. 'n Indeling van die boek

- I. Die getuienis in Jerusalem 1:1-6:7
 - A. Die totstandkoming van die kerk 1:1-2:47
 1. Die voorwoord tot die boek 1:1-5
 2. Die bevel tot getuienis 1:6-8
 3. Die hemelvaart van Jesus 1:9-11
 4. Jesus se aanwysing van die twaalfde apostel 1:12-26
 5. Die geboorte van die kerk 2:1-41
 6. Die vroeë toestand van die kerk 2:42-47
 - B. Die uitbreiding van die kerk in Jerusalem 3:1-6:7
 1. Teenkanting van buite 3:1-4:31
 2. Interne kompromie 4:32-5:11
 3. Intense teenkanting van buite 5:12-42
 4. Interne konflik 6:1-7
- II. Die getuienis in Judea en Samaria 6:8-9:31
 - A. Die martelaarskap van Stefanus 6:8-8:1a
 1. Stefanus se gevangenneming 6:8-7:1
 2. Stefanus se preek 7:2-53
 3. Stefanus se dood 7:54-8:1a
 - B. Die bediening van Filippus 8:1b-40
 1. Die evangelisering van Samaria 8:1b-25
 2. Filippus se bediening aan die Etiopiese eunug 8:26-40
 - C. Die sending van Paulus 9:1-31
 1. Paulus se bekering en roeping 9:1-19a
 2. Paulus se eerste konflikte 9:19b-30
 3. Die kerk in tyd van vrede 9:31
- III. Die getuienis na die uithoeke van die aarde 9:32-28:31
 - A. Die uitbreiding van die kerk na Antiochië in Sirië 9:32-12:24
 1. Petrus se bediening in Lidda en Joppe 9:32-43
 2. Die bekering van Kornelius 10:1-11:18
 3. Die inisiatiewe van die kerk in Antiochië 11:19-30
 4. Die vervolging van die kerk in Jerusalem 12:1-24
 - B. Die uitbreiding van die kerk na Ciprus en Klein Asië 12:25-16:5
 1. Die Goddelike aanstelling van Barnabas en Paulus 12:25-13:3
 2. Die sending na Ciprus 13:4-12
 3. Die sending na Klein Asië 13:13-14:21a
 4. Paulus en Barnabas keer terug na Antiochië in Sirië 14:21b-28

5. Die vergadering in Jerusalem 15:1-35
6. Die versterking van die kerke onder die heidene 15:36-16:5
- C. Die uitbreiding van die kerk na die Aegeïse strande 16:6-19:20
 1. Die roeping na Macedonië 16:6-10
 2. Die bediening in Macedonië 16:11-17:15
 3. Die bediening in Agaje 17:16-18:17
 4. Die begin van die bediening in Asië 18:18-22
 5. Die resultate van die bediening in Asië 18:23-19:20
- D. Die uitbreiding van die kerk na Rome 19:21-28:31
 1. Bediening op weg na Jerusalem 19:21-21:16
 2. Bediening in Jerusalem 21:17-23:32
 3. Bediening in Caesarea 23:33-26:32
 4. Bediening op weg na Rome 27:1-28:15
 5. Bediening in Rome 28:16-31